



The new Working on Fire team.

20/9/13



Paul Gerber (regs) staan by die 'Working on Fire'-span van Riversdal.



Die Riversdal 'Working on Fire'-span het 'n verdere tien bome by twee verskillende skole; Voorwaarts en Panorama Primêr gaan plant. Hier is hulle by Voorwaarts Primêr.

## Riversdal WoF vier boomplantweek

**SUID-KAAP - Die streek se Working on Fire-spanne (WoF) was baie bedrywig gedurende boomplantweek en het nie net by hul basisse nie, maar ook by verskeie skole in die streek bome geplant.**

Riversdal se WoF-span het 10 bome by hul eie basis geplant, maar ook 10 bome by twee plaaslike primêre skole, Voorwaarts en Panorama.

Die Goudveld-span het ook 10 bome by hul basis geplant, sowel as tien bome by Rheenendal en Ruigtevlei Primêre skole.

George se WoF-span het vier bome by hul basis geplant en ses bome by Pacaltzdorp Primêre skool.

Crags se span het vyf bome by hul basis geplant en vyf bome by 'n plaaslike primêre skool.